SOUTHERN AFRICAN DIVISION

Outlook

VOL. XLVIII | KENILWORTH, CAPE, SEPTEMBER 1, 1950 | NUMBER 16

(Registered at the General Post Office as a Newspaper)

Does The *Review* Mean This To You?

R. L. WALIN

R—REGULAR *Review* Readers of the Southern African Division Receive Renewed Refreshment Reading Recent Reports.

Sister White says: "If they (God's people) would deny themselves their darling luxuries . . . , many who do not now have its weekly visits might pay for the messenger of light to come into their household."— *Testimonies*, vol. 4, page 599. Pastor McElhany says: "I wish to reiterate what I have stated in the past, and that is that every believer owes it to himself and to his family to make this investment in the spiritual help that can come only from reading *The Review and Herald*."—1950 Week of Prayer Reading.

E—Entering Every week Every Earnest believer's home with Entertaining, Enthusiastic articles.

Sister White says: "Every family should have this paper."— *Testimonies*, vol. 4, page 599. Pastor McElhany says: "I cannot feel satisfied with anything less than a realization of the goal of *The Review and Herald* in Every Adventist home."— 1950 Week of Prayer *Review*.

V—This Vigorous Visitor Vibrates with Vitality and Visualizes the Victories and Vicissitudes of the Valiant.

Sister White says: "*The Review* is a valuable paper; it contains matters of great interest to the church, and should be placed in every family of believers." —*Testimonies*, vol. 4, page 598. Pastor McElhany says: "Remember that *The Review and Herald* is the authentic voice of the Advent Movement."— 1950 Week of Prayer *Review*.

I — Interpreting Important events with Insight Into Interesting, Inspiring Interviews and Itineraries.

Sister White says: "If any are too poor to take it, the church should, by subscription, raise the amount of the full price of the paper, and supply the destitute families."— *Testimonies*, vol. 4, page 598. Pastor McElhany says: "I earnestly pray that all will be stirred to prompt action in subscribing for this indispensable journal."— 1950 Week of Prayer *Review*.

E—Ever Earnestly Endeavouring to Explain the Everlasting gospel.

Sister White says: "Our people should make greater efforts to extend the circulation of *The Review*. If our brethren and sisters would only manifest greater earnestness and put forth more persevering efforts to accomplish this, it would be done."— *Testimonies*, vol. 4, page 599.

Pastor McElhany says: "No other publication issued by our presses even attempts to provide the continual flow of information that comes through our general church paper, *The Review and Herald*."— 1950 Week of Prayer *Review*.

W—Watching the Wonderful Worldwide Work Which Wakens a Wish to Walk and Work With Jesus.

Sister White says: "Those who consent to do without *The Review and Herald* lose much. Through its pages, Christ may speak to them in warnings, in reproofs and counsel, which would change the current of their thoughts, and be to them as the bread of life."—*Testimonies*, vol. 4, page 599. Pastor McElhany says: "May I exhort you all to take this matter upon your hearts and without delay provide yourselves with this important weekly spiritual minister."— 1950 Week of Prayer *Review*.

ATTENTION

Leaders of Churches and Companies

September has been set aside for the purpose of urging our members to subscribe to *The Review and Herald*. On the Sabbaths let the church missionary secretary make a note of those who desire to subscribe. She can get in touch with them during the week to finalize on their orders. We are sure that if the benefits to be derived from subscribing to *The Review* are brought before the people in a clear and logical way, many members in your church who have not subscribed or who have let their subscription lapse, will decide to take this important paper into their homes.

***Annual Subscription*, 30/6**

HOME MISSIONARY DEPARTMENT
Southern African Division

N. Rhod. Miss. Field

A. Bristow ..... President
J. F. R. Linton ..... Secretary-Treasurer

P.O. Chisekesi Siding N. Rhodesia

Harvest Ingathering

J. M. Hnatyshyn

THE European workers have been very busy of late in the Harvest Ingathering work. I have found them all of good courage, and all report more Ingathering results over last year. The public has been very liberal this year. Brethren Bristow and Hurlow, junior, received much more from the copper belt than in previous years. Brethren Palvie, Eva and Christensen report better donations. Brother and Sister Unger have helped this field with its Ingathering work, and Mrs. Christensen has also done some fine work.

So far the European missionaries have collected over £550. The European laymen have not yet reported. This will give them a total of over £600. The African workers usually collect over £75. They are busy now with their work which means that the field will have about £700 when all the reports are in. Last year the European workers collected £400, the laity £74-12-0 and the Africans £75-10-0, which made a total of £549. So we can see that the results this year should be about £150 more than last year.

May this report encourage others to do their best. We rejoice with these brethren in their success.

Investiture Services

R. E. Eva

IN the little mission church on Musofu Mission, situated some 450 miles north of Livingstone, it was my pleasant duty to conduct my first investiture since my arrival in Northern Rhodesia.

Pastor S. T. Palvie who, in spite of the press of urgent mission and school work, had sponsored the young people's work, had a fine group of boys and girls ready to receive Helper, Friend and Companion pins. These and other youth had qualified also for seventeen vocational honours and twenty reading course certificates.

The number of persons invested was not large, but when one is acquainted with the overcrowded life of our mission workers, one realizes that numbers are not all that count. That Brother Palvie should have found time outside of his school, mission and church duties to sponsor this class, and that the young people should have found time for the good work they accomplished, shows that the real Missionary Volunteer spirit burns as brightly here as anywhere in the world.

Two days later I was back at Rusangu Mission to witness another fine investiture programme. The students presented a most interesting programme of memory work, illustrated vocational talks, knot tying, and other demonstrations. The practical nature of the demonstrations indicate that our African youth will know how to apply in everyday life, the lessons they have learned in the progressive classes.

At the close of the service I was privileged to invest forty-two Helpers, forty-three Friends and eight Companions, and to award fourteen vocational honours, seventy-seven reading course certificates, and nine Bible year certificates. This record of achievement had been made possible by Miss C. L. Stevens' enthusiastic sponsoring and tireless efforts with teachers and students.

During my examination of the candidates, the thoroughness of the instruction and the exceptionally high standards upheld were aspects of the work which were especially impressive.

As those invested at these two services leave the schools for their homes — homes scattered over the length and breadth of the country among the great lakes of the North and along the upper reaches of the Zambezi — we believe they will let their light shine out into the darkness that surrounds them, and that these 121 lights will do much to hasten the spread of the gospel and bring nearer the coming of the Master.

HELDERBERG COLLEGE CHOIR

will broadcast from Johannesburg on the A transmission between 12.40 and 1.00 p.m. on Sunday, September 10.

S. Bantu Miss. Field

J. N. de Beer ..... President
Mrs. D. Hogg ..... Acting Secretary-Treasurer

19 Union House, 24 Union Street, East London

Wayside Efforts in the Cala District

D. D. Ntsikeni

IT is the greatest wish and prayer of my heart, that the plans laid for the hastening of the gospel truth in this generation may be crowned with success. At the beginning of October, 1949, Pastor De Beer, Brother Jonathan Mkosi and I went on a trip to the Cala District.

We left Butterworth at 11 A.M. When nearing Blythwood Institution in Nqamakwe District, I enquired of Pastor De Beer how the effort was to be conducted, seeing that we did not have the usual equipment. Pastor De Beer said that he was going to conduct the effort in a way which did not require a tent or a hall. We were to hold the meetings by the wayside. If we happened to find a good spot in one of the locations, we were to obtain the headman's permission and invite the people to come to the meeting. This procedure sounded very strange to me. I had been thinking in terms of a usual tent effort.

After reaching our destination, the following morning, we visited Brother Manzana, one of our isolated members. We then proceeded to a place known as Seplani, where we had the privilege of using a recording machine and a loudspeaker which Pastor De Beer had brought for the purpose. The interest of everyone present was held by the effective programme given. Our programme consisted of beautiful choir music and ended with a stirring sermon. The songs had been recorded by the Bethel church choir.

An announcement introducing our Voice of Prophecy Bible School was made, and all who desired to receive the lessons were invited to sign their names on a sheet of paper. A goodly number responded. After this meeting we returned to Cala. The following day we visited several places and in each we were cordially welcomed. Our main object was to arouse the interest of the people in a more concentrated search of the Scriptures. It is a pleasure to say that in all the places we visited, the people manifested encouraging interest.

Of all the places we visited, I wish to make special mention of Nyalasa,

where S. Ndungane is the headman. His presence in the meeting and the encouraging speech he gave, are enough proof of his appreciation. The following is a portion of his speech:

"Here is good fortune my people. I trust that we shall not let it go. Many times we absorb ourselves in matters that prove to be helpless in the end. May we hold on to it."

On our way home, we viewed the crowded locations below the mountains and we were convinced that it would take a long time for a worker to inform the people of the truth in these vast areas. We turned the car and visited one of these locations. The roadside was full of dead cattle — victims of the recent severe drought. The people asked us to pray to the Lord to send rain. We had a good meeting with them.

I have already received letters from some of the 155 people who signed for the Voice of Prophecy lessons during this trip. They are grateful for the lessons. Headman Ndungane has asked us to inform him when we make another visit and has promised to gather a larger audience. I am confident that when a trip of this nature is taken again, there will be a great harvest of precious souls.

Rhodesia-Bech. Conf.

W. H. Hurlow ..... President
Mrs. M. Botes ..... Secretary-Treasurer

P.O. Box 348, Gwelo, S. Rhodesia

Rhobecon Preparatory School

E. J. Stevenson

THIS institution has come into being as the result of great vision, great persistence, great sacrifice, and much hard work on the part of the workers and constituency of the Rhodesia-Bechuanaland Conference, and the workers of the Zambesi Union Mission, under the blessing of the Lord.

The school was projected for several years, but the lack of teaching personnel and means prevented its establishment. The constituency, however, kept asking for a school and the office kept on promoting it. At last when the plans committee at the 1949 camp-meeting submitted its report, and indicated that the school seemed as far away as ever because of financial difficulties, the tide was suddenly turned. Pastor Trumper, president of the Barotseland Mission Field, stood up and pledged the first month's salary for a principal for the school. Then followed an inspiring scene as one after another, members and workers, stood and matched this generous and timely offer. In ten minutes nearly £700 was pledged for salaries and equipment.

The Division, the South African Union, and sister organizations and institutions within the union came forward with help and appropriations, and so the school was assured.

Rhobecon (Rhodesia - Bechuanaland Conference) School is a boarding school authorized by the government of Southern Rhodesia, and at present offers Standards I-VI. It is well equipped and has an enrolment of over 30, and a staff of consecrated teachers carrying out the command of the Master, "Feed my lambs." Mr. John Burns heads the institution with Mrs. Burns and Mrs. Trumper as co-teachers, while Mrs. Fairchild heads the music department. Mrs. Botes is the business manager and treasurer, and Mrs. Alice Macdonald is the matron of the school and is a true mother and friend to both the children and the staff.

The school has had many advantages to enjoy but there have also been some setbacks and problems to battle against. With courage and determination, and with faith in God the staff press forward to build up an educational centre that will be a haven of refuge for Seventh-day Adventist youth of the Rhodesias and Nyasaland, and a credit to the denomination.



Above.— Rhobecon Preparatory School.

Right.— The staff and pupils of Rhobecon School.

Early Church History

Few studies can bring greater benefit and inspiration than a thoughtful study of the life and teachings of Jesus. The HOME STUDY INSTITUTE offers this fundamental course in New Testament History with emphasis on the four gospels, but also giving some attention to the leaders of the early church. Those successfully completing this course are given credit on the secondary school level. The textbooks are "New Testament History," (Kern), and "The Desire of Ages," (White).

Write for further particulars and enrolment form to

HOME STUDY INSTITUTE
Southern African Division Branch
Grove Avenue, Claremont
Cape

Wanted

APPRENTICE, bright young man interested in horticulture to learn specialized nursery work in established nursery, Southern Rhodesia. Commencing salary £10 per month all found for beginner, or according to qualifications. Must be keen on job. Excellent prospects for right man. Sabbath observance agreed to and respected. Apply to: The Editor, THE SOUTHERN AFRICAN DIVISION OUTLOOK, Box 6, Claremont, Cape.

AROUSE THE PEOPLE!

"THE honour of God, the stability of the nation, the well-being of the community, of the home, and of the individual, demand that every possible effort be made in arousing the people to the evil of intemperance."—*Ministry of Healing,* page 346.

"Of all who claim to be numbered among the friends of temperance, Seventh-day Adventists should stand in the FRONT RANKS."—*Ellen G. White.*

The 1950 Temperance issue of the *Signs of the Times* will help you present the facts concerning the harmful results of the liquor traffic. Order a supply and distribute them freely in your community.

To the church missionary secretary or the ..... Book Depository

I am interested in helping to correct the evil influences of the liquor traffic and am enclosing £..... .....s. .....d. for ..... copies of the temperance number (October issue) of the SIGNS OF THE TIMES to be mailed post paid to the following address.

Name .....

Address .....

.....



Temperance Special

Attractive two-colour cover

Single copy to any address	6d.
2 to 9 copies to one address, each	4d.
10 or more copies to one address, each	3d.

ORDER NOW FROM YOUR BOOK DEPOSITORY

Scatter the Temperance Number of the *Signs*

J. M. Staples

THE message which Seventh-day Adventists have been called to present to the world is one that is specially fitted to meet the spiritual need of the times. Exposing the evils of alcohol is a vital part of this message. In a special sense, therefore, we have been called not only to practise, but also to promote vigorously the cause of temperance. The urgent need of doing more in this direction is apparent on every hand as one sees the wretchedness, misery and broken lives caused by intemperance. To a large extent this is due to ignorance on the part of many, who started by taking an occasional drink, unmindful of the demon who would gradually gain control of their lives. We will never know how many young people have been led to ruin through not knowing the facts about alcohol.

The declared purpose of the ADVENTIST TEMPERANCE SOCIETY OF SOUTH AFRICA is: firstly, "To promulgate through popular education, the facts concerning the evil effects of alcoholic beverages and narcotics," and secondly, "To develop an enlightened public opinion which will, by voice, pen and vote, lead to the complete eradication of the liquor traffic." Only as we bring to the attention of the public the baneful results of using alcoholic beverages can we win their sympathy and support. The liquor interests spend hundreds of thousands of pounds each year on advertising and on educating the public. We must do more than we have done to counteract this flood of deceptive propaganda.

In order to commence this formidable task of enlightening the public mind, the Division and South African Union Conference have combined in 1950 on a scheme which we are sure will be well worthwhile. They have arranged for the new temperance magazine, *Listen,* to be sent to all members of the House of Assembly and the Senate. The conferences and the Cape Field have undertaken to supply this same magazine to the members of the various provincial councils and magistrates. At the time when these actions were taken, it was recommended that an effort be made by the churches to place the temperance number of the *Signs* in every home in their districts. The other organizations have done their share, and it is up to us now as church members to carry the message of temperance as contained in the special number of the *Signs* right into the homes of the people. The temperance number of the *Signs* will be an outstanding issue and one that you will be proud to hand to anyone. In fact some other temperance organizations have ordered large supplies in the past as they recognize its value as a promoter of temperance principles.

A large supply of this number will be printed so there will be plenty available for all to use. We would suggest that a concerted effort be made by all churches to see that a copy of this issue finds its way into every home, office, waiting-room or other place where people congregate. When you go to town take a supply with you and give them to others travelling in the bus or train. They will thank you for your good work and many souls will be saved from the hands of the enemy.

There may be individuals who cannot afford to give these papers away. For such there is another avenue open. Many thousands of copies can be sold

on the street corners or from door to door. This will not only be a means of scattering the papers, but will also be profitable to the individual. There are limitless possibilities for this type of work. Oh, that more of our people would make use of these opportunities.

What Do You Read?

Milton Robison

THERE are some Seventh-day Adventists who do not subscribe to our great denominational paper, the *Review and Herald,* and they have many arguments to explain the reason.

Brethren and sisters, we are a part of a great world-wide movement. We support this movement with our tithes and offerings. We believe that God's people are called to go to every nation, kindred, tongue and people with the message for this time. How can we then spend time and money on daily papers, magazines and radio broadcasts and neglect to read our church paper which tells of the onward march of the message and brings up-to-date studies and articles by our workers and leaders?

It is true that the subscription price is considerable, but if we go through the list of periodicals that come to our homes, I am sure there is nothing that will compare in actual value with the *Review and Herald.* What are you offering your children to read? Is it the cheap current literature of the day, or is it that which will create an interest in spiritual things and help mould their characters for Christ?

The *Review* is certainly a family paper of interest to young and old alike. I love to think back to my boyhood days when mother would gather us about her and read the thrilling stories of the advances in mission lands. We became acquainted with the names of our workers and of the mission stations. We were thrilled as she read to us of the plans for the missionary ship Pitcairn and the starting of Solusi Mission, and we looked forward to the time when we could have a part in the mission programme. Yes, brethren and sisters, it pays to have the *Review and Herald* in every Adventist home. If you are not a subscriber do not fail to become one at once.

To Let

AT Walmer, Port Elizabeth, comfortably furnished single room with use of bath-room and kitchen, to elderly, retired Seventh-day Adventist lady. Moderate rent. Apply: XYZ, P.O. Box 1133, Port Elizabeth, C.P.

A Letter From Pastor Branson

[THE following letter has been received from Pastor A. W. Cormack who is secretary to Pastor W. H. Branson, the newly elected president of the General Conference. This is in response to a letter written to Pastor Branson on behalf of the Southern African Division as soon as we had the news of his election.— ED.]

DEAR BROTHER ROBISON,

Brother Branson has asked me to acknowledge for him your letter to him of July 25. He greatly appreciates your word of welcome and the expression of confidence conveyed in your letter and the assurance of your prayers for him and in behalf of the work the world around.

We had a good meeting, Brother Robison. I am sure that had you been with us the confidence expressed in your letter that God led in the important decisions of the conference would have been even greater. Right from the time when our pre-conference meetings began we had vouchsafed to the brethren many evidences of the Lord's presence and guidance.

The evening that was devoted to the report from your great division was one of pleasure and profit, I am sure, to the delegates present. It was a fine presentation and was, I am sure, used of the Lord to bring courage and joy to the hearts of the members of the great congregation present.

With kind regards and best wishes,
Yours sincerely,
(*Signed*) A. W. CORMACK,
Secretary to the President.

Versprei die Matigheidsnommer van die *Tekens*

J. M. Staples

DIE boodskap wat Sewende-dag Adventiste aan die wêreld moet verkondig, is bedoel om te voorsien in die geestelike behoeftes van die tyd. Om die euwels van sterkdrank aan die kaak te stel, is 'n lewensbelangrike deel van daardie boodskap. Ons word dus nie slegs geroep om self geheelonthouers te wees nie, maar ons moet ook help om matigheid te bevorder. Die ellende en verdriet en lewenswrakke wat mens orals ten gevolge van drankmisbruik sien, is voldoende bewys van die dringende behoefte aan meer werk in hierdie rigting. Daardie ellende kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die onkunde van mense wat eers so nou en dan 'n sopie gedrink het om gesellig te wees sonder om te besef dat hulle met 'n duiwel speel wat eindelik hulle meester sou word. Ons sal nooit uitvind hoeveel jongmense na die verderf gelei is deur onkunde betreffende die feite aangaande sterkdrank nie.

Die verklaarde doel van die SUID-AFRIKAANSE MATIGHEIDSVERENIGING is: eerstens, „Om deur behoorlike onderrig die euwels te verkondig van die gebruik van alkohol en verdowingsmiddels," en tweedens, „Om die publiek in te lig sodat hulle deur pen en stem sal aandring op wetgewing wat die drankhandel totaal sal afskaf." Dit is alleenlik deur aan die publiek die dodelike gevolge van die gebruik van drank voor te lê dat ons hulle meegevoel en steun sal verwerf. Die drankhandel bestee elke jaar honderdduisende ponde aan advertensies en onderrigting. Ons moet meer doen as wat reeds gedoen is om hierdie vloedgolf van reklame teë te werk.

Om 'n begin te maak met hierdie geweldige taak om die publiek in te lig, het die Divisie en die Suid-Afrikaanse Uniekonferensie in 1950 'n gesamentlike plan aanvaar wat na ons mening goeie gevolge behoort te hê. Hulle het gereël dat die matigheidstydskrif, *Listen,* aan al die lede van die Volksraad en die Senaat gestuur word. Die konferensies en die Kaapse Veld het onderneem om die tydskrif aan al die provinsialeraadslede en magistrate te voorsien. Toe hierdie besluit geneem is, is 'n verdere besluit geneem dat ons kerklede moet streef om die matigheidsnommer van die *Tekens van die Tye* in al die wonings in hulle omgewing te plaas. Die organisasies het hulle deel bygedra, en dit bly nou vir die lede om die matigheidsnommer van die *Tekens* te versprei. Die matigheidsnommer van die *Tekens* sal baie interessant wees, en u kan trots wees om dit aan enigiemand te gee. Ander matigheidsorganisasies het in die verlede groot hoeveelhede aangeskaf omdat hulle besef dat dit 'n waardevolle bevorderaar is van die beginsels van matigheid.

Daar sal 'n goeie voorraad van hierdie uitgawe gedruk word sodat u genoeg kan kry vir eie gebruik. Ons wil aandring dat elke lid 'n poging doen om in elke woning, kantoor, wagkamer of ander plek waar mense vergader 'n eksemplaar te laat. Wanneer u stad toe gaan, neem 'n voorraad met u saam en gee hulle aan mense op die bus of trein. Hulle sal u bedank vir u goeie werk, en talle siele sal uit die hande van die vyand gered word.

Daar is moontlik persone wat dit nie kan bekostig om hierdie tydskrifte weg te gee nie, maar vir hulle is daar ook 'n

kans. Duisende eksemplare kan verkoop word. Dit sal nie slegs 'n manier wees om die tydskrif te versprei nie, maar dit sal die verkoper self ook baat. Daar is onbeperkte geleenthede vir hierdie soort werk. As meer van ons mense net daarvan gebruik wil maak.

N.-Rhod. Sendingveld

A. Bristow ..... President
J. F. R. Linton ..... Sekretaris-Tesourier

P.K. Chisekesi-sylyn, N.-Rhodesië

Oesinsameling

J. M. Hnatyshyn

DIE blanke werkers was onlangs net baie besig met die Oesinsameling. Almal is vol moed, en almal vertel van beter resultate as verlede jaar. Die publiek was vanjaar baie vrygewig. Broeders Bristow en Hurlow Jr. het baie meer uit die kopermyngebied gekry as verlede jaar. Broeders Palvie, Eva en Christensen deel ons mee dat die mense groter bydraes gee. Broeder en Suster Unger het ook in hierdie veld gehelp Oesinsameling doen, en Suster Christensen het ook hand bygesit.

Tot dusver het die blanke sendelinge meer as £550 ingesamel. Die blanke leke het nog nie verslag gedoen nie, maar met wat hulle insamel, sal daar meer as £600 wees. Die inboorlingwerkers kollekteer gewoonlik £75. Hulle is nou besig met hulle werk, en dit beteken dat die veld meer as £700 sal hê wanneer alles klaar is. Verlede jaar het die blanke werkers £400 ingesamel, die leke £74 12 0 en die inboorlinge £75 10 0. Dit is 'n totaal van £549. Dit beteken dus dat daar vanjaar omtrent £150 meer sal wees as verlede jaar.

Mag hierdie verslag ander aanmoedig om ook hulle bes te doen. Ons verbly ons saam met hierdie broeders in hulle sukses.

„As die liefde van Christus in die hart woon, sal dit geopenbaar word soos 'n lieflike geur—dit sal nie kan bedek word nie. Die heilige invloed daarvan sal gevoel word deur almal met wie ons in aanraking kom. Die gees van Christus in die hart, is soos 'n waterfontein in die woestyn, wat almal verkwik, en . . . gretig maak om van die water van die lewe te drink."—*Skrede na Christus*, bl. 79.

Bekledingsdienste

R. E. Eva

DIT was my aangename voorreg om in die klein sendingkerkie op Musofu Sendingstasie, ongeveer 450 myl noord van Livingstone, my eerste bekledingsdiens in Noord-Rhodesië te hou.

Leraar S. T. Palvie wat ten spyte van dringende sending- en skoolwerk die Strewerswerk ook behartig het, het 'n groep flink jongens gereed gehad om as Helpers, Vriende en Makkers beklee te word. Saam met 'n aantal ander jongmense het hulle ook sewentien vakhonneurs en twintig leeskursus-sertifikate gekry.

Dit was nie 'n groot groep wat beklee is nie, maar wanneer mens bekend is met die besige lewe op ons sendingstasies, besef jy dat getalle nie alles is nie. Die feit dat Broeder Palvie nog tyd gemaak het vir Strewerswerk benewens sy verantwoordelikhede in die kerk, in die skool en op die sendingstasie, is 'n bewys dat die Strewersgees daar net so helder brand as in enige ander plek op aarde.

Twee dae later het ek weer op Rusangu 'n bekledingsdiens bygewoon. Die leerlinge het 'n interessante program voorgedra. Hulle het stukke opgesê, voorgeligde toesprake oor vakhonneurwerk gegee, knope gemaak en ander demonstrasies gegee. Die praktiese aard van die demonstrasies dui aan dat ons jong inboorlinge sal weet hoe om die lesse wat hulle in verband met die Strewersordes leer, in die alledaagse lewe toe te pas.

Aan die einde van die diens het ek gehelp met die bekleding van twee-en-veertig Helpers, drie-en-veertig Vriende en agt Makkers sowel as die uitreiking van veertien vakhonneurs, sewentig leeskursus-sertifikate en nege Bybelleessertifikate. Hierdie prestasie is te danke aan die leiding van Mej. C. L. Stevens en die onvermoeide werk van onderwysers en leerlinge.

Die deeglikheid van die onderrigting en die hoë standaarde wat gehandhaaf is, het in besonder 'n indruk op my gemaak.

Wanneer die leerlinge wat tydens hierdie twee dienste beklee is, na hulle wonings op die oewers van die groot mere en die bronne van die Zambezirivier gaan, sal hulle sekerlik skynende ligte wees temidde van die duisternis rondom hulle, en daardie 121 liggies sal veel bydra tot die verspreiding van die evangelie en dit sal die wederkoms van die Here verhaas.

Die wat sê net wat hulle wil, moet ook aanhoor wat hulle nie graag wil nie.

Rhod.-Betsj. Konf.

W. H. Hurlow ..... President
Mev. M. Botes ..... Sekretaresse-Tesouriere

Posbus 348, Gwelo, S.-Rhodesië

Die Laerskool Rhobecon

E. J. Stevenson

HIERDIE inrigting is die gevolg van groot visie, volharding, opoffering en harde werk aan die kant van die werkers en die leke van die Rhodesië-Betsjoeanaland Konferensie en die werkers van die Zambezi Uniesending onder leiding van die Here.

Daar word reeds oor 'n tydperk van jare reëlings getref vir die skool, maar gebrek aan geld en personeel het nog altyd gekeer. Maar die lede het aangehou vra en die kantoor het ook gedurig aan die saak geroer. Toe die plannekomitee in 1949 aangekondig het dat die stigting van die skool nog net so ver in die toekoms was soos altyd omdat daar geen geld voor was nie, het sake skielik 'n ander wending geneem. Leraar Trumper, president van die Barotseland Sending het opgestaan en beloof om die prinsipaal se salaris vir die eerste maand te waarborg. Daarna het ons 'n besielende toneel aanskou. Werkers en leke het een na die ander opgestaan en beloof om hulle deel by te dra. Binne tien minute is £700 beloof vir salarisse en toerusting.

Die Divisie, die Suid-Afrikaanse Uniekonferensie en ander organisasies en inrigtings binne die unie het daarna hulp en geld beloof, en die skool was verseker.

Rhobecon (Rhodesië-Betsjoeanaland Konferensie) Skool is 'n kosskool wat deur die regering van Suid-Rhodesië goedgekeur is, en dit bied tans van Standerds I tot VI aan. Die skool is goed toegerus en het dertig leerlinge en 'n aantal toegewyde onderwysers wat die bevel van die Here, „Laat my lammers wei," uitvoer. Mnr. John Burns is hoof van die inrigting en Mev. Burns en Mev. Trumper is mede-onderwyseresse. Mev. Fairchild is hoof van die musiekdepartement. Mev. Botes is sakebestuurder en tesouriere, en Mev. Alice Macdonald is matrone en 'n opregte moeder vir beide leerlinge en personeellede.

Die skool geniet baie voorregte, maar daar was ook moeilikhede en vertragings wat beveg moes word. Met moed en vasberadenheid en geloof in God, werk die personeellede om 'n inrigting op te bou wat vir Sewende-dag Adventiste

Matigheidsnommer

Aantreklike tweekleur buiteblad

Een eksemplaar aan enige adres ..... 6d.
2 tot 9 eksemplare aan een adres, elk ..... 4d.
10 of meer eksemplare aan een adres, elk ..... 3d.

BESTEL DADELIK VAN U BOEKDEPOT!

MAAK DIE MENSE WAKKER

„DIE eer van God, die stabiliteit van die volk, die welsyn van die gemeenskap, van die huisgesin en van die persoon eis dat ons alle moontlike pogings aanwend om die mense wakker te maak vir die gevare van onmatigheid." —*Ministry of Healing*, bl. 346.

„Van almal wat voorgee om voorstanders te wees van matigheid, behoort Sewende-dag Adventiste aan die VOORPUNT te wees."—*Ellen G. White.*

Die 1950-matigheidsnommer van die *Tekens van die Tye* sal u help om die feite betreffende die nadelige gevolge van drank aan die mense voor te dra. Bestel 'n voorraad en versprei hulle in u omgewing.

Aan die kerk-sendingsekretaresse of die ..... Boekdepot.

Ek wil graag help om die nadelige invloed van die drankhandel te bestry en ek sluit hiermee £..... .....s. .....d. in vir .... eksemplare van die matigheidsnommer (Oktober-uitgawe) van die TEKENS VAN DIE TYE. Stuur dit asseblief porto betaald aan die volgende adres:

Naam .....

Adres .....

.....

jongmense in Rhodesië en Njasaland tot heil kan wees en die genootskap tot eer kan strek.

Natal-Tvl. Konferensie

J. van de Merwe ..... President
D. R. Symons ..... Sekretaris-Tesourier

Posbus 7768, Johannesburg, Transvaal

Strewers Week van Gebed te Kroonstad

Nico du Plooy

DIE Here is waarlik goed vir Sy kinders. Nog nooit in die geskiedenis van die Strewersvereniging te Kroonstad het die Here so ernstig tot siele gespreek soos gedurende 1950 nie. Vanaf die heel eerste diens op Sabbatoggend, 29 Julie, het die Here Sy seën uitgestort op die gemeente sowel as op die spreker. Dit was die voorreg van die gemeente Kroonstad om die lede van die gemeente Welkom ook in hulle midde te hê.

Die Gees van die Here het Broeder Bekker waarlik so geïnspireer dat die huise waar ons vergader het, elke aand stampvol was. Baie kinders moes op komberse op die vloer sit.

Die juniors het elke middag om vieruur vergader en die seniors elke aand. Daar was gereeld elke aand baie belangstellende siele van ander gelowe en hulle het dit baie geniet.

Vrydagmiddag het die juniors 'n getuienisdiens gehad en dit was 'n groot plesier om te hoor hoe klein kindertjies van die liefde van Jesus getuig.

Sabbatoggend, 5 Augustus, was die Gees van die Here waarlik by elke siel teenwoordig. Toe die spreker afsluit met 'n vurige oproep, was daar nie een siel wat bly sit het nie; almal het vorentoe gekom om hulle opnuut aan Jesus oor te gee, en vir sommige was dit die eerste keer.

Daar was sekerlik groot blydskap in die hemel toe nege siele besluit het om by die doopklas aan te sluit, en groot was die vreugde van Gods kinders.

Sabbatmiddag het die seniors geleentheid gekry om te getuig vir die liefde van Jesus, en dit was 'n groot plesier om die mooi getuienisse van Gods kinders te hoor.

Almal sien met verlange uit na die koms van Jesus om Sy kinders te haal. Mag die Here die gemeente van Kroonstad groot krag gee, en mag Hy daardie siele wat hulle aan Hom gewy het, steeds nader trek. Ons sien met verlange uit na die volgende geseënde week van gebed.

'n Brief van Leraar Branson

[ONS het die volgende brief van Leraar A. W. Cormack, Leraar Branson se sekretaris, ontvang. Hierdie brief is in antwoord op 'n brief wat namens die Suidelike Afrikaanse Divisie aan Leraar Branson geskryf is onmiddellik nadat ons verneem het dat hy die nuwe Wêreldkonferensie-president is.— RED.]

GEAGTE BROEDER ROBISON,

Leraar Branson het versoek dat ek namens hom moet antwoord op u brief van 25 Julie. Hy waardeer u verwelkoming en die blyke van vertroue sowel as u versekering van voorbidding vir hom as president en vir die werk rondom die wêreld.

Die byeenkoms was waarlik geseënd. Ek is seker dat indien u daar kon gewees het, u nog groter vertroue sou gehad het dat God ons gelei het in die

The Southern
African Division Outlook

Published semi-monthly by the proprietors
General Conference of Seventh-day Adventists
(*Southern African Division*)
Grove Avenue, Claremont, Cape
and printed by the Sentinel Publishing Company
Rosmead Avenue, Kenilworth, C.P.

F. G. CLIFFORD ..... *Editor*
G. S. STEVENSON ..... *Asst. Editor*

belangrike besluite wat geneem moes word. Vanaf die tyd toe die voor-konferensievergaderings begin het, was daar bewyse dat die Here by ons was en dat Hy gelei het.

Ek voel ook seker dat die aand wat gewy is aan verslae uit u groot divisie vir al die afgevaardigdes aangenaam en nuttig was. Die voordrag was baie goed, en ek voel seker dat die Here dit gebruik het om die lede van daardie groot vergadering met nuwe moed te besiel.

Die uwe,
(*Geteken deur*) A. W. CORMACK,
Sekretaris van die President.

S.-Bantoesendingveld

J. N. de Beer ..... President
Mev. D. Hogg ..... Agerende Sek.-Tes.
Unionhuis 19, *Unionstraat* 24, *Oos-Londen*

Buitelugpogings in die Caladistrik

D. D. Ntsikeni

DIT is die grootste verlange van my hart dat die planne wat ons maak om die evangeliewaarheid in hierdie geslag te verkondig, met welslae bekroon mag word. Aan die begin van Oktober 1949 het Leraar De Beer, Broeder Jonathan Mkosi en ek na die distrik Cala gegaan.

Ons is die oggend om elfuur uit Butterworth weg. Naby die Blythwood Inrigting in die Nqamakwedistrik, het ek verneem hoe ons van plan was om 'n poging te hou aangesien ons nie die gewone toerusting gehad het nie. Leraar De Beer het verklaar dat hy die poging op so 'n manier gaan hou dat geen tent nodig sou wees nie. Ons sou sommer langs die pad dienste hou. As ons 'n geskikte plek vind, sou ons sommer van die hoofman gaan verlof vra om 'n diens te hou, en dan sou ons die mense nooi. Dit was vir my 'n vreemde manier. Ek het nog altyd aan die gebruiklike tent gedink.

Toe ons die volgende oggend op ons bestemming aankom, het ons eers een van ons afgeleë lede, Broeder Manzana, gaan besoek. Daarvandaan is ons na Seplani waar ons 'n luidspreker gebruik het om plaatopnames vir die mense voor te speel. Almal se aandag is geboei deur die mooi musiek en die preek wat daarop gevolg het. Die kerkkoor te Bethel Sendingstasie het die plate gemaak.

Ons het van die Stem-van-Profesie Bybelskool vertel en almal genooi wat daarop wou inteken om hulle name op 'n vel papier te kom teken. 'n Hele aantal het van die geleentheid gebruikgemaak. Na daardie diens het ons na Cala teruggegaan. Die volgende dag het ons aan 'n hele aantal plekke besoek gebring, en ons is hartlik verwelkom. Ons hoofdoel was om by die mense 'n verlange op te wek om die Bybel deegliker te ondersoek. Ons is bly om u te kan meedeel dat die mense orals groot belangstelling geopenbaar het.

Van al die plekke waar ons aangery het, wil ek graag spesiaal melding maak van Nyalasa waar S. Ndungane die hoofman is. Die feit dat hy na die diens gekom en 'n bemoedigende toespraak gehou het, is bewys genoeg van sy waardering. Hy het hom gedeeltelik as volg uitgelaat:

„My volk, die geluk het ons getref. Ek vertrou dat ons dit nie sal los nie. Baiemaal bestee ons ons aandag aan dinge wat op die ou end nutteloos is. Mag ons aan ons geluk vashou."

Op weg terug na ons huis, het ons na die lokasies op die vlakte onderkant die berge gekyk, en ons het tot die gevolgtrekking gekom dat dit lank sal neem vir werkers om daardie mense persoonlik te gaan waarsku. Ons het by een van daardie lokasies aangery. Langs die pad was orals dooi beeste—slagoffers van die onlangse droogte. Die mense het versoek dat ons die Here om reent moes vra. Ons het 'n goeie diens met hulle saam gehou.

Ek het reeds berig gehad van sommige van die 155 mense wat ingeteken het op die Stem-van-Profesie lesse. Hoofman Ndungane het gevra dat ons hom in kennis moet stel wanneer ons hom weer kom besoek, en hy het beloof om 'n groter gehoor daar te hê. Ek is vol vertroue dat wanneer daar weer 'n rit van hierdie aard onderneem word, daar 'n groot oes kosbare siele sal wees.

You Have No Idea

of the variety of denominational literature available unless you have a Sentinel price list. Tracts, pamphlets and books designed to answer your every need are here in abundance. Literature for your missionary endeavours, devotional books for your own spiritual needs, attractive gift books, countless books for children, in fact, every possible type of literature is in stock in South Africa and prompt attention is awaiting your orders. A postcard to your depository, mission office or the Sentinel Publishing Company, Rosmead Avenue, Kenilworth, Cape, will bring you by return post a copy of our latest price list corrected to September.

WRITE NOW

SENTINEL

TOT DIE DAG AANBREEK

SMIT.— Albertina, is op Saterdagaand, 22 Julie, in die ouderdom van 67 jaar op Heidelberg, Transvaal, oorlede.

Hierdie getroue suster het drie jaar lank gely. Gedurende daardie tyd was sy 'n sprekende beeld van die lydsaamheid van die heiliges. Alhoewel sy nie meer kon uitgaan om die Here se werk te doen nie, het sy nogtans vermaan en tereggewys as 'n voorbeeldige moeder in Israel.

Suster Smit en haar eggenoot, Broeder A. Smit, wat haar oorleef, het die boodskap in 1919 gehoor en in 1921 is hulle gedoop. Hulle het vier seuns en drie dogters opgelei in die vrees van die Here.

Leraar A. van den Berg van Vanderbylpark het die begrafnis waargeneem, en uit persoonlike kennis getuig van die ywerige toewyding wat tant Berta aan die dag gelê het in haar diens vir die Meester en vir ander. Nooit het sy teruggestaan as daar iets vir Gods saak gedoen moes word nie. Altyd was haar antwoord: „Here hier is ek, stuur my." Nagte het sy by siekbeddens gewaak en gedien en nooit kon sy dink dat sy eendag ook lyding sou moes verduur nie. Maar daardie lyding het haar gelouter soos fyn goud en ons weet dat sy die stem van die aartsengel sal hoor op daardie opstandingsdag vir die regverdiges wat baie naby in die toekoms is.

D. F. DU PLESSIS.